GSA
GRAIN | GRAAN

GEOTERRA IMAGE

# PRODUKSIETOESTANDE VERSLAG

**03 Julie 2026**

**Hierdie verslag word elke 2 weke opgedateer**

Gewas toestand
Crop Condition

Klimaat
Climate

Vergelyk
Compare

Opbrengs potensiaal
Production potential

Gewas opkoms
Greenup

Kaarte
Maps

Verslae
Report

# Indeks

1. 2025 FINALE OPPERVLAKTE AANGEPLANT EN PRODUKSIE-SYFERS
2. 2026 VOORNEME OM TE PLANT
3. 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT PER PROVINSIE
4. DEFINISIES
5. OPSOMMING
6. REËNVAL
7. GEWASOPKOMS
8. GRONDVOG INDEKS
9. GEWAS TOESTAND

GRAIN | GRAAN

# FINALE OPPERVLAKTE AANGEPLANT EN PRODUKSIE VAN WINTERGRAAN VIR DIE 2025-PRODUKSIESEISOEN

Crop Estimates Committee
Oesskattingskomitee

| GEWAS | FINALE OPPERVLAKTE HA (A) | FINALE PRODUKSIE AANGEPAS TON (B) | NOK OPPERVLAKTE AANGEPLANT HA (C) | NOK LAASTE SKATTING TON (D) | FINALE OES vs FINALE SKATTING % (B) ÷ (D) |
|---|---|---|---|---|---|
| **Koring** | 517 300 | 1 905 500 | 517 300 | 1 897 220 | 0,44% |
| **Gars** | 96 950 | 345 000 | 96 950 | 346 430 | -0,41% |
| **Kanola** | 174 515 | 306 000 | 174 515 | 309 035 | -0,98% |
| **Hawer** | 35 520 | 43 500 | 35 520 | 45 143 | -3,64% |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

***Bron: Oesskattingskomitee***

# 2026 VOORNEME OM TE PLANT

**Vrygestel 23 April 2026**

| GEWAS | Voorneme* 2026 | Opp aangeplant 2025 | Finale produksie skatting 2025 | Verandering |
|---|---|---|---|---|
| Ha | Ha | | Tons | % |
| soos op 23 April 2026 | | | | |
| | (A) | (B) | (C) | (A) ÷ (B) |
| Koring | 486 400 | 517 300 | 1 897 220 | -5,97% |
| Gars | 101 900 | 96 950 | 346 430 | 5,11% |
| Kanola | 189 175 | 174 515 | 309 035 | 8,40% |
| Hawermout | 39 000 | 35 520 | 45 143 | 9,80% |
| Soetlupine | 21 000 | 21 000 | 17 850 | 0,00% |
| Totaal wintergraan | 837 475 | 845 285 | 2 615 678 | -0,92% |

**Bron: Oesskattingskomitee*

# 2026 KORING VOORNEME OM TE PLANT

# per provinsie

| Provinsie/ Province | **Voorneme/ Intentions Ha 2026** | Opp beplant/ Area planted Ha 2025 | Finale skatting/ Final estimate Tons 2025 |
|---|---|---|---|
| Wes-Kaap/Western Cape | **335 000** | 363 000 | 980 100 |
| Noord-Kaap/Northern Cape | **41 000** | 40 000 | 300 000 |
| Vrystaat/Free State | **55 000** | 57 000 | 265 050 |
| Oos-Kaap/Eastern Cape | **5 500** | 5 500 | 37 400 |
| KwaZulu-Natal | **8 000** | 8 500 | 51 000 |
| Mpumalanga | **3 000** | 3 500 | 22 400 |
| Limpopo | **28 000** | 28 000 | 165 200 |
| Gauteng | **900** | 800 | 5 120 |
| Noordwes/North West | **10 000** | 11 000 | 70 950 |
| Totaal/Total | **486 400** | 517 300 | 1 897 220 |

*Op 28 Julie sal die voorlopige oppervlakte vir wintergraan wat aangeplant is, deur die Nasionale Oesskattingskomitee vrygestel word.*

***Bron: Oesskattingskomitee**

Crop Estimates Committee
Oesskattingskomitee

# Definisies

**Grondwaterindeks (GWI):**

Die GWI is 'n indikasie van die grondwaterpersentasie regdeur die groeiseisoen. Dit vergelyk drie periodes: die huidige seisoen, die vorige seisoen en die 5-jaar gemiddeld. Die 5-jaar gemiddeld dien as 'n basislyn wat tipiese grondwatertoestande aandui.

**Groenblaarindeks (GLI)**

Die GLI is 'n indikasie van gewasgroei en -ontwikkeling deur die seisoen, met toestande oor die meeste winterreënvalstreke bo die 5 jaar gemiddelde.

**Gewastoestande**

Gewastoestande beskryf die algehele gesondheid en opbrengspotensiaal van gewasse, gebaseer op reënval, grondvog en omgewingsstresfaktore.

*Al die 2026/27 seisoen data is van 20 Maart tot 02 Julie 2026.*

# Opsomming

**Reënvalpatrone en -tendense**

Reënvaltoestande in die Wes-Kaapse wintergraangebiede was die afgelope tyd oor die algemeen gunstig, met gereelde en konstante neerslae wat oor groot dele van die Overberg en Swartland ontvang is. Sommige gebiede het tussen 2 mm en 32 mm reën aangeteken, wat grondvogtoestande verbeter en goeie gewasontwikkeling ondersteun het. Die Noord-Swartland het onlangs welkome reën ontvang ná vroeër droër toestande, terwyl dele van die Suid-Kaap, veral rondom Mosselbaai en George, steeds baie nat bly met plaaslike versuiptoestande. Ondanks wisselende toestande tussen gebiede ondersteun die koel temperature en opvolgreën oor die algemeen gunstige groeitoestande vir wintergewasse.


**Grondvogdinamika**

Grondvogtoestande in die Wes-Kaapse wintergraangebiede wissel tans tussen streke en selfs plaaslik binne gebiede. Gereelde reënval oor groot dele van die Overberg en Swartland het grondvog oor die algemeen goed ondersteun, met verbeterde toestande veral in die Noord-Swartland ná onlangse reën. In die oostelike dele van die Suid-Kaap, veral rondom Mosselbaai en George, bly toestande egter baie nat met plaaslike versuiptoestande wat aangemeld word. Ander gebiede benodig steeds opvolgreën om optimale vogvlakke deur die res van die seisoen te handhaaf.

**Gewasopkoms en -toestand**

Gewasopkoms en gewastoestande in die Wes-Kaapse wintergraangebiede bly oor die algemeen gunstig, met die meeste gewasse wat goed ontwikkel en sterk groei toon. Gereelde reënval en koel temperature het goeie groeitoestande ondersteun, terwyl kanola in verskeie gebiede reeds begin blom het. Gewasse wissel egter tussen gebiede as gevolg van oorplantings wat vroeër in die seisoen plaasgevind het, veral in dele van die Swartland en die oostelike Suid-Kaap. In sekere nat gebiede rondom Mosselbaai en George beïnvloed oormatige vog en plaaslike versuiptoestande steeds vestiging en bestuur, hoewel die algemene toestand van gewasse positief bly.

# Totale Reënval/Total Rainfall




**Suid-Kaap**

Geen noemenswaardige reënval is hierdie week aangeteken nie maar in die oostelike gedeeltes van die streek bly grondvog steeds hoog. Reënval het plek-plek geval.


**Swartland**

Reënval in die Swartland het die afgelope tyd verbeter, met baie gebiede wat welkome neerslae ontvang het. In die Malmesbury-omgewing het reënval tussen gebiede gewissel, met sommige dele wat tot 32 mm ontvang het. Die Noord-Swartland, wat vroeër baie droog was, het onlangs ook reën ontvang wat grondvogtoestande merkbaar verbeter het. Hoewel grondvog tussen gebiede verskil, het die algemene reënval bygedra tot beter toestande vir gewasontwikkeling


**Overberg**

Wydverspreide reënval is oor groot dele van die Overberg ontvang, met ongeveer 10 mm wat gedurende die afgelope naweek geval het, terwyl verdere neerslae van tussen 2 mm en 10 mm ook gedurende die week aangeteken is. Die konstante en gereelde reënval oor die afgelope maand het gunstige grondvogtoestande in die streek ondersteun, hoewel grondvog steeds tussen gebiede wissel.

## Reënval vir die afgelope 30 dae/Rainfall for the past 30 days





## Seisoen reënval afwyking/Season rainfall deviation




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 02 Julie 2026*

## Grondvog Indeks / Soil Water Index




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 02 Julie 2026*

**Suid-Kaap**

Grondvogtoestande in die Suid-Kaap wissel tans tussen gebiede. Rondom Swellendam bly toestande oor die algemeen gunstig, met voldoende vog wat goeie gewasontwikkeling ondersteun. Verder oos, veral in dele rondom Mosselbaai en George, bly toestande baie nat ná aanhoudende reënval, met sekere areas wat steeds versuiptoestande ervaar. In ander dele van die streek begin grondvogvlakke afneem en addisionele reën sal voordelig wees om optimale groeitoestande te handhaaf. Die ongelyke verspreiding van reënval veroorsaak dus uiteenlopende toestande tussen die westelike en oostelike gedeeltes van die Suid-Kaap.


**Swartland**

Grondvogtoestande in die Swartland wissel tans tussen gebiede, maar het oor die algemeen verbeter ná die onlangse reënval. In dele van die Malmesbury-omgewing het goeie neerslae bygedra tot voldoende vogvlakke, terwyl die Noord-Swartland, wat vroeër droog was, ook betekenisvolle verbetering in grondvog ervaar het ná die jongste reën. Rondom Moorreesburg bly grondvog oor die algemeen gunstig en ondersteun dit goeie gewasontwikkeling. Sekere gebiede benodig egter steeds verdere opvolgreën om optimale vogtoestande deur die res van die seisoen te handhaaf.

**Overberg**

Grondvogtoestande bly effens bo tot middelmatig hoog oor die langtermyngemiddeld regoor die streek. Huidige vogvlakke ondersteun sterk vegetatiewe ontwikkeling wat strek regoor tot die blomfase.

## Gewasopkoms per Distrik / Crop Greenup per District




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 02 Julie 2026*

**Suid-Kaap**

Gewasopkoms in die Suid-Kaap is oor die algemeen goed, met die meeste aanplantings wat sterk ontwikkeling toon danksy gunstige vogtoestande oor groot dele van die streek. Kanola het in verskeie areas reeds die blomstadium bereik en vertoon goed. In die natter oostelike gedeeltes van die streek, veral rondom Mosselbaai en George het oormatige reënval en versuiptoestande egter op sekere plekke tot ongelyke opkoms en uitdagings met vestiging gelei. Sommige produsente in die ooste is steeds besig met oorplantings van koring waar toestande dit vereis.


**Swartland**

Gewasopkoms in die Swartland is oor die algemeen goed, ondanks uitdagende toestande vroeër in die seisoen. Die onlangse reënval het opkoms en verdere ontwikkeling ondersteun, veral in gebiede wat voorheen onder droër toestande gebuk gegaan het. Plantestand word as gemiddeld tot goed beskryf, hoewel gewasse tussen gebiede wissel aangesien baie produsente vroeër in die seisoen moes oorplant. Kanola begin reeds blom in sekere dele van die streek, terwyl later aangeplante kanola na verwagting binnekort ook die blomstadium sal bereik.

**Overberg**

Gewasgroei en vergroening bly matig bo die langtermyngemiddeld regoor die streek. Kanolalande is besonder goed ontwikkel en begin blom in sekere gebiede, terwyl koring en gars gesonde vegetatiewe groei toon. Algehele gewasontwikkeling word beskou as ideaal vir hierdie stadium van die seisoen en kouer temprature is die afgelope week ontvang.

# Gewas Toestand / Crop Condition




**Al die data vir die 2026/27 seisoen is vanaf 20 Maart tot 02 Julie 2026*

# Gewastoestande

**Suid-Kaap**

Gewastoestande in die Suid-Kaap bly oor die algemeen gunstig, met die meeste gewasse wat goed ontwikkel en sterk groei toon. Rondom Swellendam vertoon gewasse baie goed, terwyl kanola reeds in die blomstadium beweeg en goeie potensiaal toon. Topbemesting op kanola is reeds grotendeels afgehandel. In die oostelike dele van die streek, veral rondom Mosselbaai en George, beïnvloed oormatige grondvog en versuiptoestande sekere gebiede. Alhoewel gewasse oor die algemeen goed lyk, skep die nat toestande plaaslik uitdagings vir vestiging en bestuur.

**Swartland**

Gewastoestande in die Swartland bly oor die algemeen gunstig, met die meeste gewasse wat goed ontwikkel en sterk groei toon. Die onlangse reënval het grootliks bygedra tot verbeterde toestande, veral in gebiede wat vroeër droog was. Koue temperature wat gedurende die week ervaar is, ondersteun ook die ontwikkeling van wintergewasse. Gewasse wissel egter tussen gebiede as gevolg van oorplantings wat vroeër in die seisoen plaasgevind het. Rondom Moorreesburg lyk gewasse goed, terwyl topbemesting reeds gestrooi is en laaste bespuitings tans plaasvind. Kanola begin in verskeie gebiede blom, met laat aangeplante kanola wat na verwagting binnekort ook die blomstadium sal bereik.

**Overberg**

Gewastoestande in die Overberg bly oor die algemeen baie gunstig, met die meeste gewasse wat sterk groei en goeie ontwikkeling toon. Die gereelde en konstante reënval wat oor die afgelope maand ontvang is, het bygedra tot voldoende grondvogvlakke in groot dele van die streek, hoewel toestande steeds tussen sekere gebiede wissel. Die koel temperature wat gedurende die week voorgekom het, het ideale toestande vir wintergewasse geskep en goeie groeistadiums ondersteun. Topbemesting is grotendeels afgehandel en produsente fokus tans op swambeheerprogramme om opbrengspotensiaal te beskerm. Kanola-aanplantings begin reeds blom, terwyl ander gewasse ook baie belowend vertoon.

# SLAKKE OF NAAKSLAKKE IN U LANDE?



Dr Vicki Tolmay monitor hierdie seisoen slak- en naakslakpopulasies.

Indien u enige aktiwiteit in u lande opmerk, kontak asseblief:


**DR VICKI TOLMAY**

0734690000


GSA GRAIN | GRAAN

# DANKIE!

---

**Vir enige navrae:**

**Grain SA**

**Heleen@grainsa.co.za/Cathrine@grainsa.co.za/Gerrit@grainsa.co.za**

**Vrywaring**: Die inligting hierin is verkry uit verskeie bronne, waarvan Graan SA nie die akkuraatheid en/of volledigheid waarborg nie en waarvoor Graan SA geen aanspreeklikheid aanvaar nie. Enige pryse of vlakke hierin vervat is voorlopig en slegs aanduidend en verteenwoordig nie biedings of aanbiedinge nie. Hierdie aanduidings word slegs vir u inligting en oorweging verskaf.

GRAIN | GRAAN